

Bybelstudie: Miga

1. Inleiding

Daar was inderdaad twee profete wat die naam Miga gehad het. Die een was Miga die seun van Jimla. Hy het baie vroeër as Miga die Morastiet gelewe. Hy het in die tyd van Agab opgetree. Ons lees van Miga die seun van Jimla in 1 Konings 22:8:

En die koning van Israel antwoord Jósafat: Daar is nog een man om deur hom die HERE te raadpleeg; maar ék haat hom, omdat hy oor my niks goeds profeteer nie, maar onheil: Miga, die seun van Jimla. En Jósafat sê: Die koning moet nie so spreek nie! (1 Konings 22:8 AFR53)

1.1 Wie is Miga, die skrywer van die boek Miga?

Die opskrif van die boek vertel dat die HERE (JHWH) na Miga, die Morastiet, toe gegaan het. Die feit word deur die profeet Jeremia bevestig. Jeremia haal Miga 3:12 aan:

Miga, die Morastiet, het as profeet opgetree in die dae van Hiskía, koning van Juda, en met die hele volk van Juda gespreek en gesê: So spreek die HERE van die leërskaar: Sion sal soos 'n land omgeploeg word, en Jerusalem sal puinhoop word en die tempelberg bosrante. (Jer. 26:18 AFR53)

Miga se volle naam is eintlik Michaja. Die naam beteken: Wie is soos die HERE of wie is aan die HERE gelyk?

1.2 Waar kom Miga vandaan?

Ons lees van sy plek van herkoms in Miga 1:14:

Daarom moet jy 'n afskeidsgeskenk gee aan Moréset-Gat; die huise van Afsib sal 'n teleurstelling wees vir die konings van Israel. (Miga 1:14 AFR53)

Die regte spelling van die plek se naam is eintlik Moresjeth-Gath. Die naam beteken dat die plekkie Moréset naby Gat geleë was.

Miga kom dus uit die streek suidwes van Jerusalem. Dis 'n gebied wat direk aan die gebied van die Filistyne grens het.

- Hy kom dus uit dieselfde provinsie as Amos
- Hy is 'n profeet uit Juda

1.3 Tyd van die profesie van Miga

Miga het opgetree in die dae toe Jotam, Agas en Hiskia konings van Juda was.

- Sy optrede moes dus begin het voor die val van Samaria. Samaria het geval in die jaar 722 v.C. Miga voorspel die val van Samaria in Hoofstuk 1:6:
Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop maak op die veld, 'n plek om wingerdstokke te plant; en Ek sal haar klippe in die dal laat afrol en haar fundamente blootlê (Miga 1:6 AFR53).
- Jotam het koning geword in die jaar 740 voor Christus. Miga moes dus na 740 v.C. maar wel voor 722 v.C. begin optree het as profeet.

2. Indeling van die inhoud

2.1 Eerste deel: Hoofstuk 1 en 2 (tyd van Jotam en Agas)

Opsomming

Hierdie gedeelte bevat hoofsaaklik boeteprediking en oordeelprediking. In die slotgedeelte, nl. hoofstuk 2:12 en 13 is daar 'n kort heilsbelofte.

- Opskrif: Hoofstuk 1:1
- Die HERE kom: Hoofstuk 1:2-5
- Samaria verwoes; Juda in nood: Hoofstuk 1:6-16

- Teen onregmatige verryking: Hoofstuk 2:1-11
- Die heilstyd: Hoofstuk 2:12, 13.

2.2 Tweede deel: Hoofstuk 3 en 5 (tyd van Hiskia)

Opsomming

Hierdie gedeelte hoort kronologies waarskynlik na hoofstuk 6 en 7.

- Teen vorste, profete en priesters: Hoofstuk 3:1-12
- Sion eertyds die middelpunt van die vrederyk: Hoofstuk 4:1-5
- Sion se nood en verhoging: Hoofstuk 4:6-13
- Die Heerser uit Betlehem: Hoofstuk 4:14 5:5
- Geseënde Israel: Hoofstuk 5:6-8
- Die reiniging van die land: Hoofstuk 5:9-14

2.3 Derde deel: Hoofstuk 6 en 7 (tyd van Agas en Hiskia)

- Die groot eis: Hoofstuk 6:1-8
- Die navolgers van Agab: Hoofstuk 6:9-16
- Klag van die profeet: Hoofstuk 7:1-6
- Die verhoging van Sion: Hoofstuk 7:7-13
- Die Verhoorder van die gebed: Hoofstuk 7:14-20

3. Enkele gedeeltes van nader bekyk

3.1 Die HERE kom: Hoofstuk 1:2-5

Hoofstuk 1:2

Letterlik alle skepsele op die aarde word met hierdie profesie toegespreek. God rig sy openbaring dus tot alle mense.

Hierdie inleiding van die profesie heinner baie sterk aan die volgende gedeeltes in die Bybel:

Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond. (Deut. 32:1 AFR53)

Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar hulle het teen My oortree. (Jes. 1:2 AFR53)

Hoor tog wat die HERE sê: Staan op, twis in teenwoordigheid van die berge, en laat die heuwels na jou stem luister! (Miga 6:1 AFR53)

Daarop sê Miga: As u ooit behoue tuiskom, dan het die HERE nie deur my gesprek nie. Verder sê hy: Volke, luister almal saam!(1 Kon. 22:28 AFR53)

Die bedoeling van sulke omvattende oproepe is dat die erns van die saak daarmee onderstreep word.

- By Miga is die veronderstelling dat alle volke op die aarde moet weet dat JHWH die Albestierder is wat as Aanklaer teen hulle gaan optree.
- Die uitdrukking uit sy heilige paleis is n bevestiging van die hoë majesteit van JHWH wat die ewige God en Here.

Vers 3 en 4

Die profeet beskryf die koms van die Here. Hy doen dit met dieselfde woorde en beelde as wat die Nuwe Testament die wederkoms beskryf: Die Here kom as Regter (Aanklaer)! Die Geloofsbelofte doen dieselfde.

Die aarde sal terugtree en berge sal smelt so verskriklik gaan die toorn van die Here wees. Vergelyk hierby Amos 4:13:

Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die

leërskare, is sy Naam! (Amos 4:13 AFR53)

Obadja noem hierdie selfde dag met n ander naam: Die dag van die HERE

Want die dag van die HERE is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. (Obadja 1:15 AFR53)

Vergelyk ook Sefanja 1.

Vers 5

Dit alles . . . Hierdie woorde beklemtoon dat die ontsettende verskyning van JHWH as Regter die gevolg van die sondes van die volk is. Samaria en Jerusalem word dan as die vernaamste oortreders aangewys.

In die plek van die sonde word daar verwys na die hoogtes, want dis waar al die seksuele misdade en die afgodsoffers plaasgevind het.

Let op die samestelling:

- Samaria is Jakob se oortreding. Dis die sondes van die Tienstammeryk wat daarin beskryf word.
- Jerusalem is die sonde van Juda. Dit het veral in die hoogtedienste bestaan.

Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem. (2 Kon. 18:4 AFR53)

Maar as julle vir my sê: Ons vertrou op die HERE onse God is dit nie Hy wie se hoogtes en wie se altare Hiskía verwyder het nie deur aan Juda en Jerusalem te sê: Voor hierdie altaar in Jerusalem moet julle buig? (2 Kon. 18:22 AFR53)